



REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GOVERNMENT GAZETTE

STAATSKOERANT

VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Registered at the Post Office as a Newspaper

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer

VOL. 385

CAPE TOWN, 18 JULY 1997

KAAPSTAD, 18 JULIE 1997

No. 18132

PRESIDENT'S OFFICE

No. 944.

18 July 1997

It is hereby notified that the President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 26 of 1997: Close Corporations Amendment Act, 1997.

KANTOOR VAN DIE PRESIDENT

No. 944.

18 Julie 1997

Hierby word bekend gemaak dat die President sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 26 van 1997: Wysigingswet op Beslote Korporasies, 1997.

GENERAL EXPLANATORY NOTE:

- [] Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments.
- _____ Words underlined with a solid line indicate insertions in existing enactments.

ACT

To amend the Close Corporations Act, 1984, so as to substitute the definition of "Court" and to regulate the definition of "name", in relation to a corporation, anew; to clarify the jurisdiction of courts in respect of corporations; to provide for a literal translation of a corporation's name into any one other official language; to provide for the reservation of a name for a corporation; to compel a corporation to subjoin the statement "In Voluntary Liquidation" to its name in appropriate circumstances; to further regulate the use and publication of the name of a corporation; to further determine the nature of a member's interest in a corporation; to provide for the attachment and sale in execution of a member's interest; to further regulate participation in the management of a corporation; to provide for the adjournment of and subsequent quorum for a meeting of members of a corporation at which a quorum is not present; to further determine the powers of members to bind a corporation; to provide for a longer period within which a vacancy in the office of accounting officer shall be filled; to further prescribe the duties of an accounting officer who has resigned or has been removed; to clarify the liability for the debts of a corporation by a member who fails to deliver the member's contribution; to exclude the application of the provisions of the Companies Act in respect of compromises and arrangements in so far as they relate to the liquidation of a corporation; to provide for an offer of composition to be made in the winding-up of a corporation; and to prescribe a penalty for a further offence; and to provide for matters connected therewith.

(Afrikaans text signed by the President.)
(Assented to 2 July 1997.)

BE IT ENACTED by the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:—

Amendment of section 1 of Act 69 of 1984, as amended by section 1 of Act 38 of 1986

1. Section 1 of the Close Corporations Act, 1984 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended—

(a) by the substitution for the definition of "Court" of the following definition:

“ ‘Court’, in relation to—

(a) any corporation, means any court having jurisdiction in terms of section 7; and

ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:

[] Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui skappings uit
bestaande verordeninge aan.

Woorde met 'n volstreep daaronder, dui invoegings in bestaande verordeninge aan.

WET

Tot wysiging van die Wet op die Beslote Korporasies, 1984, ten einde die omskrywing van “Hof” te vervang en die omskrywing van “naam”, met betrekking tot ’n korporasie, opnuut te reël; die jurisdiksie van howe ten opsigte van korporasies duidelik te stel; voorsiening te maak vir ’n letterlike vertaling van ’n korporasie se naam in enigeen van die ander amptelike tale; voorsiening te maak vir die reservering van ’n naam vir ’n korporasie; ’n korporasie te verplig om die verklaring “In Vrywillige Likwidasie” in paslike omstandighede by sy naam te voeg; die gebruik en publikasie van die naam van ’n korporasie verder te reël; die aard van ’n ledebelang in ’n korporasie verder te bepaal; voorsiening te maak vir die beslaglegging op en verkoping in eksekusie van ’n ledebelang; deelname in die bestuur van ’n korporasie verder te reël; voorsiening te maak vir die verdaging van en daaropvolgende kworum vir ’n vergadering van lede van ’n korporasie waarop ’n kworum nie teenwoordig is nie; die bevoegdhede van lede om die korporasie te bind, verder te bepaal; voorsiening te maak vir ’n langer tydperk waarbinne ’n vakature in die amp van rekeningkundige beampte gevul moet word; die pligte van ’n rekeningkundige beampte wat bedank het of ontslaan is verder te omskryf; om die aanspreeklikheid vir die skulde van ’n korporasie deur ’n lid wat versuim om die ledebydrae te lewer, duideliker te stel; die toepassing van die bepalinge van die Maatskappywet ten opsigte van skikkings en reëlings, in die mate wat hulle met die likwidasie van ’n korporasie verband hou, uit te sluit; voorsiening te maak vir ’n aanbod om ’n akkoord tydens die likwidasie van ’n korporasie; en ’n straf vir ’n verdere misdryf voor te skryf; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

(Afrikaanse teks deur die President geteken.)
(Goedgekeur op 2 Julie 1997.)

DAAR WORD BEPAAL deur die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika,
soos volg:—

Wysiging van artikel 1 van Wet 69 van 1984, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 38 van 1986

- 5 1. Artikel 1 van die Wet op Beslote Korporasies, 1984 (hieronder die Hoofwet
genoem), word hierby gewysig—
 (a) deur die omskrywing van “Hof” deur die volgende omskrywing te vervang:
 “ ‘Hof’, met betrekking tot—
 (a) ’n korporasie, ’n hof wat ingevolge artikel 7 jurisdiksie het; en

(b) any offence under this Act, means any court having jurisdiction in respect of that offence;"; and

(b) by the insertion after the definition of "Minister" of the following definition:
"'name', in relation to a corporation, means the full registered name of that corporation, or a registered literal translation of that name into any one other official language of the Republic, or a registered shortened form of that name or any such translation thereof, referred to in section 12(a);".

5

Substitution of section 7 of Act 69 of 1984, as substituted by section 1 of Act 64 of 1988

10

2. The following section is hereby substituted for section 7 of the principal Act:

"Courts having jurisdiction in respect of corporations

7. For the purposes of this Act any High Court and any magistrate's court, within whose area of jurisdiction the registered office or the main place of business of the corporation is situated, shall have jurisdiction."

15

Amendment of section 12 of Act 69 of 1984, as amended by section 1 of Act 81 of 1992

3. Section 12 of the principal Act is hereby amended by the substitution for paragraph (a) of the following paragraph:

"(a) The full name of the corporation: Provided that a literal translation of that name into [the] any one other official language of the Republic, or a shortened form of that name or such translation thereof, may in addition be given;".

20

Repeal of section 18 of Act 69 of 1984

4. Section 18 of the principal Act is hereby repealed.

Substitution of section 19 of Act 69 of 1984

25

5. The following section is hereby substituted for section 19 of the principal Act:

"Undesirable names and reservation of names

19. (1) No founding statement containing a name for a corporation to be incorporated and no amended founding statement containing a new name for a corporation shall be registered if the name is in the opinion of the Registrar undesirable.

30

(2) Any person who intends to form a corporation or any corporation which intends to change its name shall, on the prescribed form and on payment of the prescribed fee, apply to the Registrar for the reservation of a name: Provided that a company being converted into a corporation in terms of this Act shall not be required to so reserve its name if the name remains identical.

35

(3) A reservation contemplated in subsection (2) shall be valid from the date of approval by the Registrar for a period not exceeding two months."

Amendment of section 22 of Act 69 of 1984

40

6. Section 22 of the principal Act is hereby amended—

(a) by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) The abbreviation CC [or BK], in capital letters, or its equivalent in any other official language, shall be subjoined to the [English or Afrikaans] name [, as the case may be, of] used by a corporation [which it uses]."

45

(b) 'n misdryf kragtens hierdie Wet, enige hof wat jurisdiksie ten opsigte van die misdryf het;"; en

(b) deur na die omskrywing van "Minister" die volgende omskrywing in te voeg:

5 " 'naam', met betrekking tot 'n korporasie, die volle geregistreerde naam van daardie korporasie of 'n geregistreerde letterlike vertaling van daardie naam in enigeen van die ander amptelike tale van die Republiek, of 'n geregistreerde verkorte vorm van daardie naam of sodanige vertaling daarvan, bedoel in artikel 12(a);".

10 Vervanging van artikel 7 van Wet 69 van 1984, soos vervang deur artikel 1 van Wet 64 van 1988

2. Artikel 7 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

"Howe wat jurisdiksie ten opsigte van korporasies het

15 7. By die toepassing van hierdie Wet het enige Hoë Hof en enige landdroshof, binne wie se jurisdiksiegebied die geregistreerde kantoor of die belangrikste besigheidsplek van die korporasie geleë is, jurisdiksie."

Wysiging van artikel 12 van Wet 69 van 1984, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 81 van 1992

3. Artikel 12 van die Hoofwet word hierby gewysig deur paragraaf (a) deur die volgende paragraaf te vervang:

20 "(a) Die volle naam van die korporasie: Met dien verstande dat 'n letterlike vertaling van daardie naam in [die] enigeen van die ander amptelike [taal] tale van die Republiek, of 'n verkorte vorm van daardie naam of sodanige vertaling daarvan, bykomend verstrekkend kan word;".

25 Herroeping van artikel 18 van Wet 69 van 1984

4. Artikel 18 van die Hoofwet word hierby herroep.

Vervanging van artikel 19 van Wet 69 van 1984

5. Artikel 19 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

"Onwenslike name en reservering van name

30 19. (1) Geen stigtingsverklaring wat 'n naam bevat vir 'n korporasie wat ingelyf gaan word en geen gewysigde stigtingsverklaring wat 'n nuwe naam vir 'n korporasie bevat, word geregistreer indien die naam volgens die oordeel van die Registrateur onwenslik is nie.

35 (2) Iemand wat beoog om 'n korporasie te stig of 'n korporasie wat beoog om sy naam te verander, moet by die Registrateur op die voorgeskrewe vorm en teen betaling van die voorgeskrewe geld om die reservering van 'n naam aansoek doen: Met dien verstande dat 'n maatskappy wat ingevolge hierdie Wet in 'n korporasie omskep word nie sy naam sodanig hoef te reserveer indien die naam identies bly nie.

40 (3) 'n Reservering in subartikel (2) beoog, is vanaf die datum van goedkeuring deur die Registrateur geldig vir 'n tydperk wat nie twee maande oorskry nie."

Wysiging van artikel 22 van Wet 69 van 1984

6. Artikel 22 van die Hoofwet word hierby gewysig—

45 (a) deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

"(1) Die afkorting BK [of CC], in hoofletters, of die ekwivalent daarvan in enige ander amptelike taal, moet by die [Afrikaans of Engelse] naam [, na gelang van die geval, van] wat 'n korporasie [wat hy] gebruik, gevoeg word."

- (b) by the substitution for subsection (3) of the following subsection:
 “(3) If a corporation is being wound up, the statement “In Liquidation” or “In Voluntary Liquidation”, as the case may be, shall for the duration of such winding-up be subjoined to the name [of] used by the corporation [which it uses].”; and 5
- (c) by the insertion after subsection (3) of the following subsection:
 “(4) Any corporation which fails to comply with the provisions of subsection (3) shall be guilty of an offence.”.

Substitution of section 22A of Act 69 of 1984, as inserted by section 4 of Act 81 of 1992 10

7. The following section is hereby substituted for section 22A of the principal Act:

“Improper references to incorporation in terms of Act

22A. Any person carrying on business under a name or title—

- (a) to which [the] an abbreviation [“CC” or “BK”, as the case may be,] 15
contemplated in section 22(1) is subjoined; or
- (b) of which the words “close corporation” or [“beslote korporasie”] its
equivalent in any other official language or any abbreviation thereof
form part in a way which indicates incorporation as a close corporation
in terms of this Act,
 shall, unless duly incorporated as a close corporation in terms of this Act, be 20
 guilty of an offence.”.

Amendment of section 23 of Act 69 of 1984, as amended by section 5 of Act 81 of 1992

8. Section 23 of the principal Act is hereby amended—

- (a) by the substitution for paragraph (a) of subsection (1) of the following 25
 paragraph:
 “(a) shall display its registered full name (or a registered literal
 translation thereof into [the] any one other official language of the
 Republic) and registration number in a conspicuous position and in
 characters easily legible on the outside of its registered office and 30
 every office or place in which its business is carried on;”; and
- (b) by the substitution for paragraph (b) of subsection (2) of the following
 paragraph:
 “(b) issues or authorises the issue of any such letter, [advertisement,]
 delivery note, invoice, receipt or letter of credit of the corpora- 35
 tion,”.

Amendment of section 30 of Act 69 of 1984

9. Section 30 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

- “(1) The interest of any member in a corporation shall be a single interest 40
expressed as a percentage and shall be moveable property which shall be
transferable in the manner provided by this Act.”.

Insertion of section 34A in Act 69 of 1984

10. The following section is hereby inserted in the principal Act after section 34:

“Attachment and sale in execution of member’s interest 45

34A. The provisions of section 34 shall apply *mutatis mutandis* to any
attachment and sale in execution of a member’s interest in a corporation.”.

Amendment of section 47 of Act 69 of 1984

11. Section 47 of the principal Act is hereby amended—

(b) deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:

“(3) Indien ’n korporasie gelikwedeer word, moet die verklaring “In Likwidasië” of “In Vrywillige Likwidasië”, na gelang van die geval, vir die duur van sodanige likwidasië by die naam [van] wat die korporasie [wat hy] gebruik, gevoeg word.”; en

(c) deur die volgende subartikel na subartikel (3) in te voeg:

“(4) ’n Korporasie wat versuim om aan die bepalings van subartikel (3) te voldoen, is aan ’n misdryf skuldig.”.

Vervanging van artikel 22A van Wet 69 van 1984, soos ingevoeg deur artikel 4 van Wet 81 van 1992

7. Artikel 22A van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

“Onbehoorlike verwysings na inlywing ingevolge Wet

22A. ’n Persoon wat besigheid dryf onder ’n naam of titel—

(a) waarby [die] ’n afkorting [“BK” of “CC”, na gelang van die geval,] bedoel in artikel 22(1) gevoeg is; of

(b) waarvan die woorde “beslote korporasie” of [“close corporation”] die ekwivalent daarvan in enige ander amptelike taal of enige afkorting daarvan op so ’n wyse deel vorm dat dit dui op inlywing ingevolge hierdie Wet,

is, tensy behoorlik ingevolge hierdie Wet as ’n beslote korporasie ingelyf, aan ’n misdryf skuldig.”.

Wysiging van artikel 23 van Wet 69 van 1984, soos gewysig deur artikel 5 van Wet 81 van 1992

8. Artikel 23 van die Hoofwet word hierby gewysig—

(a) deur paragraaf (a) van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

“(a) moet sy geregistreerde volle naam (of ’n geregistreerde letterlike vertaling daarvan in enigeen van die ander amptelike [taal] tale van die Republiek) en registrasienommer vertoon in maklik leesbare letters en in ’n opvallende posisie aan die buitekant van sy geregistreerde kantoor en elke kantoor of plek waar sy besigheid gedryf word.”; en

(b) deur paragraaf (b) van subartikel (2) deur die volgende paragraaf te vervang:

“(b) sodanige brief, [advertensie,] afleweringbrief, faktuur, kwitansie of kredietbrief van die korporasie uitreik of die uitreiking daarvan magtig.”.

Wysiging van artikel 30 van Wet 69 van 1984

9. Artikel 30 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

“(1) Die belang van ’n lid in ’n korporasie is ’n enkele belang wat as ’n persentasie uitgedruk word en is roerende goed wat oordraagbaar is op die wyse deur hierdie Wet bepaal.”.

Invoeging van artikel 34A in Wet 69 van 1984

10. Die volgende artikel word hierby in die Hoofwet ingevoeg na artikel 34:

“Beslaglegging en verkoping in eksekusie van ’n lid se belang

34A. Die bepalings van artikel 34 is *mutatis mutandis* van toepassing met betrekking tot ’n beslaglegging en verkoping in eksekusie van ’n lid se belang in ’n korporasie.”.

Wysiging van artikel 47 van Wet 69 van 1984

11. Artikel 47 van die Hoofwet word hierby gewysig—

Act No. 26, 1997

CLOSE CORPORATIONS AMENDMENT ACT, 1997

- (a) by the substitution for the heading to the section of the following heading:
“Disqualified persons regarding management of corporation”;
- (b) by the substitution in subsection (1) for the words preceding paragraph (a) of the following words:
“Notwithstanding any other provision of this Act or in any association agreement or any other agreement [between members] to the contrary, the following persons shall [if they are members,] be disqualified from taking part in the management [of the business] of a corporation:”; and
- (c) by the substitution for subsection (2) of the following subsection:
“(2) Any person disqualified under the provisions of subsection (1)(b) or (c) who directly or indirectly takes part in or is concerned with the management [of the business] of any corporation, shall be guilty of an offence.”.

Amendment of section 48 of Act 69 of 1984, as amended by section 9 of Act 38 of 1986

12. Section 48 of the principal Act is hereby amended by the insertion after subsection (2) of the following subsections:

- “(2A) Unless an association agreement provides otherwise, a meeting at which a quorum is not present within half an hour after the time appointed for the meeting, shall be adjourned to a day not earlier than seven days and not later than 21 days after the date of that meeting, and if at such adjourned meeting a quorum is not present within half an hour after the time appointed for the meeting, the members present in person shall constitute a quorum.”**
- (2B) Where a meeting has been adjourned as contemplated in subsection (2A), the member who adjourned the meeting shall, upon a date not more than three days after the adjournment, send a written notice to each member of the corporation stating—**
 - (a) the date, time and place to which the meeting has been adjourned;**
 - (b) the matters before the meeting when it was adjourned; and**
 - (c) the grounds for the adjournment.”**.

Substitution of section 54 of Act 69 of 1984, as amended by section 10 of Act 38 of 1986

13. The following section is hereby substituted for section 54 of the principal Act:

“Power of members to bind corporation

- 54. (1) Subject to the provisions of this section, any member of a corporation shall in relation to a person who is not a member and is dealing with the corporation, be an agent of the corporation.**
- (2) Any act of a member shall bind a corporation whether or not such act is performed for the carrying on of the business of the corporation unless the member so acting has in fact no power to act for the corporation in the particular matter and the person with whom the member deals has, or ought reasonably to have, knowledge of the fact that the member has no such power.”**.

Amendment of section 59 of Act 69 of 1984, as amended by section 8 of Act 81 of 1992

14. Section 59 of the principal Act is hereby amended—

- (a) by the substitution in subsection (3) for the words preceding the proviso of the following words:
“If a vacancy occurs in the office of an accounting officer, whether as a result of a removal, resignation or otherwise, the corporation shall within [14] 28 days appoint another accounting officer and comply with the provisions of subsection (2) of section 15:”; and
- (b) by the substitution for subparagraph (iv) of paragraph (a) of subsection (5) of the following subparagraph:

- (a) deur die opskrif by die artikel deur die volgende opskrif te vervang:
“Onbevoegde persone betreffende die bestuur van korporasie”;
 (b) deur in subartikel (1) die woorde wat paragraaf (a) voorafgaan, deur die volgende woorde te vervang:
 5 “Ondanks ’n andersluidende bepaling van hierdie Wet of van ’n samewerkingsooreenkoms of [’n] enige ander ooreenkoms [tussen lede], is die volgende persone [, as hulle lede is,] onbevoeg om deel te neem aan die bestuur [van die besigheid] van ’n korporasie.”; en
 (c) deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:
 10 “(2) Iemand wat kragtens die bepalings van subartikel (1)(b) of (c) onbevoeg is, en wat regstreeks of onregstreeks deelneem aan of betrokke is by die bestuur [van die besigheid] van ’n korporasie, is aan ’n misdryf skuldig.”.

Wysiging van artikel 48 van Wet 69 van 1984, soos gewysig deur artikel 9 van Wet 15 38 van 1986

12. Artikel 48 van die Hoofwet word hierby gewysig deur na subartikel (2) die volgende subartikels in te voeg:
 “(2A) Tensy ’n samewerkingsooreenkoms anders bepaal, word ’n vergadering waarop ’n kworum nie binne ’n halfuur na die tyd vir die vergadering aangewys, teenwoordig is nie, verdaag na ’n dag nie vroeër nie as sewe dae en nie later nie as 21 dae vanaf die datum van daardie vergadering, en indien by so ’n verdaagde vergadering ’n kworum nie binne ’n halfuur na die aangewese tyd vir die vergadering teenwoordig is nie, maak die lede wat persoonlik teenwoordig is, ’n kworum uit.
 25 (2B) Wanneer ’n vergadering verdaag is soos in subartikel (2A) beoog, moet die lid wat die vergadering verdaag het, op ’n datum nie later nie as drie dae na die verdaging, ’n skriftelike kennisgewing stuur aan elke lid van die korporasie met vermelding van—
 (a) die datum, tyd en plek waarna die vergadering verdaag is;
 30 (b) die aangeleentheid voor die vergadering toe dit verdaag is; en
 (c) die rede vir die verdaging.”.

Vervanging van artikel 54 van Wet 69 van 1984, soos gewysig deur artikel 10 van Wet 38 van 1986

13. Artikel 54 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:
 35 **“Bevoegdheid van lede om korporasie te bind**
54. (1) Behoudens die bepalings van hierdie artikel is elke lid van ’n korporasie ten opsigte van iemand wat nie ’n lid is nie en met die korporasie sake doen, ’n verteenwoordiger van die korporasie.
 (2) ’n Handeling van ’n lid bind ’n korporasie, hetsy sodanige handeling verrig word vir die dryf van die besigheid van die korporasie al dan nie, tensy die lid wat aldus handel in werklikheid geen bevoegdheid het om namens die korporasie in die besondere aangeleentheid te handel nie en die persoon met wie die lid sake doen, kennis dra of redelikerwys kennis behoort te dra van die feit dat die lid geen sodanige bevoegdheid het nie.”.

45 Wysiging van artikel 59 van Wet 69 van 1984, soos gewysig deur artikel 8 van Wet 81 van 1992

14. Artikel 59 van die Hoofwet word hierby gewysig—
 (a) deur in subartikel (3) die woorde wat die voorbehoudsbepaling voorafgaan, deur die volgende woorde te vervang:
 50 “Indien ’n vakature in die amp van ’n rekeningkundige beampte ontstaan, hetsy as gevolg van ontslag, bedanking of andersins, moet die korporasie binne [14] 28 dae ’n ander rekeningkundige beampte aanstel en aan die bepalings van subartikel (2) van artikel 15 voldoen.”; en
 (b) deur subparagraaf (iv) van paragraaf (a) van subartikel (5) deur die volgende subparagraaf te vervang:
 55

- “(iv) [that as] whether, at the time of [his] the resignation or removal from office of the accounting officer, [he] that officer was [not] aware of any matters in the financial affairs of the corporation which are in contravention of the provisions of this Act: Provided that an accounting officer who was aware of any such matter shall submit the full particulars thereof in writing to the Registrar.”. 5

Amendment of section 63 of Act 69 of 1984, as amended by section 5 of Act 64 of 1988

15. Section 63 of the principal Act is hereby amended—

- (a) by the substitution for paragraph (a) of the following paragraph: 10
 “(a) Where the name of the corporation is in any way used without the abbreviation **[CC or BK]** as required by section 22(1), any member of the corporation who is responsible for, or who authorized or knowingly permits the omission of such abbreviation, shall be so liable to any person who enters into any transaction with the corporation from which a debt accrues for the corporation while [he] that person, in consequence of such omission, is not aware that [he] the person is dealing with a corporation;” 15
- (b) by the substitution for paragraph (b) of the following paragraph: 20
 “(b) where any member fails to pay money or to deliver or transfer property to the corporation as required by section 24(4), [he] that member shall be so liable for every debt of the corporation incurred from [its] the date of registration of the founding statement in which particulars of the contribution concerned are stated to the date of the actual payment, delivery or transfer of such money or property;” 25
 and
- (c) by the deletion of paragraph (c).

Amendment of section 66 of Act 69 of 1984

16. Section 66 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection: 30

- “(1) The provisions of the Companies Act which relate to the winding-up of a company, including the regulations made thereunder, (except sections 311, 312, 313, 337, 338, 344, 345, 346(2), 347(3), 349, 364, 365(2), 367 to 370, inclusive, 377, 387, 389, 390, 395 to 399, inclusive, 400(1)(b), 401, 402, 417, 418, 419(4), 421, 423 and 424), shall apply *mutatis mutandis* and in so far as they can be applied to the liquidation of a corporation in respect of any matter not specifically provided for in this Part or in any other provision of this Act.”. 35

Substitution of section 72 of Act 69 of 1984

17. The following section is hereby substituted for section 72 of the principal Act:

“Composition 40

72. (1) Any person, in this section referred to as “the offeror”, may at any time after the commencement of the liquidation of a corporation which is unable to pay its debts, submit to the liquidator a written offer of composition.

(2) If the liquidator is of the opinion that the creditors will probably accept the offer of composition, the liquidator shall send by registered post or deliver to every known creditor as well as the Master, a copy of the offer referred to in subsection (1) with the liquidator’s report thereon, and an explanation of the effect of the composition. 45

(3) If the liquidator is of the opinion that there is no likelihood that the creditors will accept the composition or that he or she has insufficient information at his or her disposal to make a recommendation, the liquidator 50

- “(iv) [dat] of, op die tydstip van [sy] die rekenkundige beampte se bedanking of ontslag [hy nie] daardie beampte van enige aangeleenthede in die finansiële sake van die korporasie bewus was wat in stryd met die bepalings van hierdie Wet is [nie]: Met dien verstande dat ’n rekeningkundige beampte wat van enige sodanige aangeleenthede bewus was die volle besonderhede daarvan skriftelik aan die Registrateur moet voorlê.”.

Wysiging van artikel 63 van Wet 69 van 1984, soos gewysig deur artikel 5 van Wet 64 van 1988

- 10 **15.** Artikel 63 van die Hoofwet word hierby gewysig—
- (a) deur paragraaf (a) deur die volgende paragraaf te vervang:
- “(a) Waar die naam van die korporasie op enige wyse sonder die afkorting **[BK of CC]** soos deur artikel 22(1) vereis, gebruik word, is ’n lid van die korporasie wat verantwoordelik is vir die weglaat van sodanige afkorting, of dit gemagtig het of wetend toelaat, aldus aanspreeklik teenoor iemand wat ’n transaksie met die korporasie aangaan waaruit ’n skuld vir die korporasie ontstaan terwyl **[hy]** daardie persoon, as gevolg van sodanige weglating, nie daarvan bewus is dat **[hy] die persoon** met ’n korporasie sake doen nie;”;
- 15
- 20 (b) deur paragraaf (b) deur die volgende paragraaf te vervang:
- “(b) waar ’n lid versuim om geld te betaal of eiendom te lewer of oor te dra aan die korporasie soos deur artikel 24(4) vereis, is **[hy]** daardie lid aldus aanspreeklik vir elke skuld van die korporasie opgehoop vanaf **[sy] die datum van registrasie van die stigtingsverklaring waarin besonderhede van die betrokke bydrae vermeld word tot die datum van werklike betaling, lewering of oordrag van sodanige geld of eiendom;**”;
- 25
- (c) deur paragraaf (c) te skrap.

Wysiging van artikel 66 van Wet 69 van 1984

- 30 **16.** Artikel 66 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:
- “(1) Die bepalings van die Maatskappywet met betrekking tot die likwidasië van ’n maatskappy, met inbegrip van die regulasies daarkragtens uitgevaardig (behalwe artikels 311, 312, 313, 337, 338, 344, 345, 346(2), 347(3), 349, 364, 35
- 365(2), 367 tot en met 370, 377, 387, 389, 390, 395 tot en met 399, 400(1)(b), 401, 402, 417, 418, 419(4), 421, 423 en 424), is *mutatis mutandis* en vir sover hulle toegepas kan word met betrekking tot die likwidasië van ’n korporasie van toepassing ten opsigte van enige aangeleentheid waarvoor nie uitdruklik in hierdie Deel of in ’n ander bepaling van hierdie Wet voorsiening gemaak word nie.”.

40 Vervanging van artikel 72 van Wet 69 van 1984

- 17.** Artikel 72 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

“Akkoord

- 72.** (1) Iemand, in hierdie artikel “die aanbieder” genoem, kan te eniger tyd na die aanvang van die likwidasië van ’n korporasie wat nie in staat is om sy skulde te betaal nie, ’n skriftelike aanbod van akkoord aan die likwidateur voorlê.
- 45
- (2) Indien die likwidateur van mening is dat die krediteure waarskynlik die aanbod van akkoord sal aanvaar, stuur of lewer die likwidateur per geregistreerde pos aan elke bekende krediteur, sowel as aan die Meester, ’n afskrif van die aanbod bedoel in subartikel (1) tesame met die likwidateur se verslag daaroor en ’n uiteensetting van die uitwerking van die akkoord.
- 50
- (3) Indien die likwidateur van mening is dat daar geen moontlikheid bestaan dat die krediteure die akkoord sal aanvaar nie of dat hy of sy nie oor voldoende inligting beskik om ’n aanbeveling te doen nie, stel die likwidateur die aanbieder skriftelik in kennis dat die aanbod onaanvaarbaar
- 55

shall inform the offeror in writing that the offer is unacceptable and that he or she does not propose to send a copy thereof to the creditors and the Master.

(4) The offeror may, within 30 days from the date on which the liquidator advised that offeror of the rejection of the offer, submit representations in writing to the Master who, after having allowed the liquidator 14 days to comment in writing, shall consider the representations and comment and may thereafter direct the liquidator to send by registered post or deliver a copy of the offer to every known creditor of the corporation together with the liquidator's report thereon, and an explanation of the effect of the composition. 5 10

(5) Whenever the liquidator posts or delivers to the creditors and the Master an offer of composition in terms of the provisions of this section, he or she shall simultaneously give notice to the creditors of the meeting at which the offer and any other matter mentioned in the notice, are to be considered. 15

(6) An offer of composition may be considered at a general meeting of creditors of the corporation in terms of this Act, provided that notice was given to creditors and the Master not less than 10 days and not more than 28 days before the date of such a meeting. 20

(7) An offer of composition which has been accepted by creditors whose votes amount to not less than two-thirds in value and two-thirds in number, calculated in accordance with the provisions of section 52 of the Insolvency Act, 1936 (Act No. 24 of 1936), of the votes of all the creditors who proved claims against the corporation, shall be binding upon every person who had notice of and was entitled to vote at that meeting, whether or not that person was present or represented at the meeting, as if that person were a party to the composition: Provided that— 25

- (a) no offer may be so accepted if it contains any condition whereby any creditor would obtain any benefit to which that creditor would not have been entitled upon the distribution of the estate in the ordinary way; 30
- (b) payment under the composition has been made or security for such payment has been given as specified in the offer of composition; and
- (c) the right of any secured or preferent creditor shall not be prejudiced thereby, except insofar as that creditor has expressly and in writing waived the preference. 35

(8) A composition shall not affect the liability of a surety of the corporation.

(9) Any money to be paid and anything to be done for the benefit of creditors in pursuance of a composition shall be paid and done through the liquidator: Provided that any creditor who has failed to prove a claim before the liquidator has made a final distribution amongst those creditors who have proved their claims, shall be entitled to prove a claim and share in such final distribution up to the amount to which that creditor may have been entitled to under the composition: Provided further, that no claim shall be proved against the corporation after the expiration of six months as from the date of the meeting at which the composition was accepted, except with leave of the Court or Master and on payment of such sum to cover the costs or any part thereof, occasioned by the late proof of the claim, as the Court or Master may direct. 40 45 50

(10) When a composition has been entered into between a corporation and its creditors, the liquidator shall, in terms of this Act, frame an account and plan of distribution of all the assets which are or will become available for creditors under the composition. 55

(11) If an accepted offer of composition so provides, the offeror may apply to the Court for the setting aside of the winding-up of the corporation and the Court may make such an order provided that the offeror has, not less than three weeks before making the application, given notice by advertisement in the *Gazette*, of the intention to make the application and has served a copy of the application on the Master, the Registrar and the liquidator. 60

is en dat hy of sy nie van voorneme is om 'n afskrif daarvan aan die krediteure en die Meester te stuur nie.

(4) Die aanbieder kan binne 30 dae vanaf die datum waarop die likwidateur daardie aanbieder van die verwerping van die aanbod in kennis gestel het, by die Meester skriftelike vertoë indien, wat, nadat die likwidateur 14 dae toegelaat is om skriftelik kommentaar te lewer, daardie vertoë en die skriftelike kommentaar oorweeg en die likwidateur daarna kan beveel om 'n afskrif van die aanbod per geregistreerde pos aan elke bekende krediteur van die korporasie te pos of te lewer, tesame met die likwidateur se verslag daaroor en 'n verduideliking van die uitwerking van die akkoord.

(5) Die likwidateur moet, wanneer hy of sy aan die krediteure en die Meester 'n aanbod van akkoord ingevolge die bepalings van hierdie artikel pos of lewer, terselfdertyd aan die krediteure kennis gee van die vergadering waarop die aanbod en enige ander aangeleentheid in die kennisgewing vermeld, oorweeg gaan word.

(6) 'n Aanbod van akkoord kan op 'n algemene vergadering van krediteure van die korporasie ingevolge hierdie Wet oorweeg word, mits kennis aan die krediteure en die Meester nie minder as 10 dae en nie meer as 28 dae voor die datum van die vergadering gegee is nie.

(7) 'n Aanbod van akkoord wat aanvaar is deur krediteure waarvan die stemme 'n totaal van nie minder as twee-derdes in waarde en twee-derdes in getal, bereken ooreenkomstig die bepalings van artikel 52 van die Insolvensiewet, 1936 (Wet No. 24 van 1936), uitmaak nie, van die stemme van al die krediteure wat eise teen die korporasie bewys het, is bindend ten opsigte van elke persoon wat kennis gehad het van en geregtig was om op daardie vergadering te stem, ongeag of daardie persoon teenwoordig of op die vergadering verteenwoordig was, asof daardie persoon 'n party tot die akkoord was: Met dien verstande dat—

(a) geen aanbod aldus aanvaar mag word nie indien dit enige bepaling bevat waardeur 'n krediteur 'n voordeel sou ontvang waarop daardie krediteur nie op die gewone wyse waarop die boedel verdeel sou word, geregtig sou wees nie;

(b) betaling kragtens die akkoord gedoen is of sekuriteit vir sodanige betaling verleen is soos in die aanbod van akkoord vermeld is; en

(c) die reg van 'n versekerde of voorkeurekrediteur nie daardeur benadeel word nie, behalwe in die mate wat daardie krediteur uitdruklik en skriftelik van die voorkeur afstand gedoen het.

(8) 'n Akkoord het geen uitwerking op die aanspreeklikheid van 'n borg van die korporasie nie.

(9) Alle geld betaalbaar en enigiets wat voortspruitend uit die akkoord tot die voordeel van die krediteure gedoen moet word, moet deur tussenkoms van die likwidateur betaal of gedoen word: Met dien verstande dat 'n krediteur wat nagelaat het om 'n eis te bewys voordat die likwidateur 'n finale verdeling gedoen het onder die krediteure wat hulle eise bewys het, geregtig is om 'n eis te bewys en te deel in sodanige finale verdeling tot die bedrag waarop daardie krediteur kragtens die akkoord geregtig sou wees: Met dien verstande verder dat, sonder magtiging van die Hof of die Meester en teen betaling van sodanige bedrag wat die koste of 'n deel daarvan wat die Hof of die Meester as gevolg van die laat bewys van die eis mag bepaal, sou dek, geen eis teen die korporasie bewys mag word na verloop van ses maande vanaf die datum van die vergadering waarop die akkoord aanvaar is nie.

(10) Wanneer 'n korporasie en sy lede 'n akkoord aangegaan het, moet die likwidateur 'n rekening- en verdelingsplan ingevolge hierdie Wet optrek van al die bates wat vir krediteure kragtens die akkoord beskikbaar is of sal word.

(11) Indien 'n aanvaarde aanbod van akkoord aldus bepaal, kan die aanbieder by die Hof aansoek doen om die tersydestelling van die likwidasie van die korporasie en kan die Hof sodanige bevel verleen indien die aanbieder nie minder nie as drie weke voor die aansoek gedoen is deur advertensie in die *Staatskoerant* kennis gegee het van die voorneme om die aansoek te rig en 'n afskrif van die aansoek op die Meester, die Registrateur en die likwidateur beteken het.

(12) The application for the setting aside of the liquidation of the corporation may be opposed by any creditor or other interested person on the following grounds:

- (a) That the composition approved under this section unfairly prejudices the interests of a creditor of the corporation;
- (b) that there has been some material irregularity at or in the relation to the meetings held for the consideration of the composition;
- (c) that insufficient or materially inaccurate information on the composition was disclosed; or
- (d) any other grounds that the Court may deem sufficient.”.

5

10

Amendment of section 82 of Act 69 of 1984, as amended by section 10 of Act 81 of 1992

18. Section 82 of the principal Act is hereby amended by the substitution for paragraph (c) of subsection (1) of the following paragraph:

- “(c) in section 20, 22, 22A, 23 or 47, to a fine not exceeding R500 or imprisonment for a period not exceeding six months, or to both such fine and such imprisonment; and”.

15

Short title

- 19.** This Act shall be called the Close Corporations Amendment Act, 1997.

(12) Die aansoek om die tersydestelling van die likwidasië van 'n korporasie kan deur 'n krediteur of ander belanghebbende party op die volgende gronde teengestaan word:

- 5 (a) Dat die akkoord kragtens hierdie artikel goedgekeur, die belange van 'n krediteur van die korporasie onredelik benadeel;
- (b) dat daar 'n wesenlike onreëlmatigheid was in of ten opsigte van die vergaderings wat gehou was ten einde die akkoord te oorweeg;
- (c) dat onvoldoende of wesenlik onakkurate inligting ten opsigte van die akkoord geopenbaar is; of
- 10 (d) enige ander rede wat die Hof voldoende ag."

Wysiging van artikel 82 van Wet 69 van 1984, soos gewysig deur artikel 10 van Wet 81 van 1992

18. Artikel 82 van die Hoofwet word hierby gewysig deur paragraaf (c) van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

- 15 "(c) in artikel 20, 22, 22A, 23 of 47, met 'n boete van hoogstens R500 of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande, of met daardie boete sowel as daardie gevangenisstraf; en".

Kort titel

19. Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Beslote Korporasies, 1997.

